




Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur 'n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om met die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding die beste advies te gee.

Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes.

**Een van die hoekstene van Laeveld Agrochem se sukses is vennootskap. Vir ons is dit meer as net 'n mooi woord. Vennootskap is 'n aksie wat ons deur dik en dun toepas; 'n belofte wat ons nakom – van die eerste foonoproep tot die laaste besoek.**

AREA: Stoffberg, Belfast, Wonderfontein en Carolina

## Schalk Streicher

Schalk is gebore en het grootgeword in die Wes-Vrystaat, waar sy gesin in die Dealesville-distrik geboer het. Sy ouers het intussen na Zambië verhuis, waar die boerdery voortgesit word.

Hy is al van jongs af deel van die landbousektor en was op die familieplaas deel van al die boerderypraktyke, wat uit saai- en veeboerdery bestaan het. Ná skool het hy sy horisonne oorsee gaan verbreed en vir twee jaar in Amerika gewerk en ondervinding opgedoen met mielies, sojabone en rys onder besproeiing. Hy het ook op 'n plaas gewerk wat mielies, droë bone, sojabone en koring onder droëlandtoestande verbou het.

Schalk het sy BSc Agric-graad voltooi by die Universiteit van die Vrystaat, waar hy gespesialiseer het in Grondkunde en Agronomie. Na sy studies het hy as Landboukundige vir Agri Technovation in Zambië gewerk. Gedurende hierdie tyd het hy gespesialiseer in meerjarige gewasse, spesifiek avokado's, makadamias en pekanneute, maar ook dienste gebied vir rygewasse. Hy is CropLife (AVCASA) geakkrediteer.

Volgens Schalk was landbou nog altyd 'n groot deel van sy lewe en is hy een van daardie bevoorregte mense wie se beroep en lewenspassie dieselfde is. Hy is nie 'n persoon wat baie lank kan stilsit nie en is altyd reg om iets nuuts aan te pak of om reeds bestaande metodes te verbeter. Die wetenskaplike aspekte van landbou het hom nog altyd geïnteresseer en die moontlikhede en geleenthede op die horison is iets om na uit te sien, maar hy meen dit is belangrik om nie die basiese beginsels te vergeet nie.

Die gebiede wat hy gaan behartig, sluit in Stoffberg, Belfast, Wonderfontein en Carolina, waar hy sy dienste gaan bied vir beide rygewasse en meerjarige gewasse.

**Schalk glo die sleutel tot sukses in enige boerderypraktyk is doeltreffendheid en volhoubaarheid. Hy het geen twyfel dat die wye reeks produkte en dienste wat Laeveld Agrochem bied, saam met die ondersteuning van hulle bekwame span kundiges, hierdie belangrike aspekte tot nuwe vlakke van sukses kan neem.**

Hy sien uit om die pad saam met sy kliënte te stap en elke tree saam met hulle te neem – hulle sukses is immers sy sukses en hulle mislukkings is sy mislukkings. Hy meen landbou is die hartklop van ons land, en dit klop nog sterk!

**GEWASSE:** Mielies, sonneblom, koring en suikeriet

**AANBIEDING:** Oesbeskerming, plantvoeding, presisiedienste

**Vir professionele advies: Tel: 063 157 8837 E-pos: schalkstreicher@laeveld.co.za**